

DIENSVLAKOORENKOMS

Aangegaan deur en tussen:

OLIVIA ENERGY SOLUTIONS (EDMS) BPK

REG NO: 2012/052703/07

(Hierna na verwys as die “Maatskappy”)

-en-

Volle Name/Geregistreeerde Naam: _____

ID No/Reg No: _____

(Hierna na verwys as die “Diensverskaffer”)

NADEMAAL die Diensverskaffers ‘n gekwalifiseerde elektrisiën, met ‘n Draadwerkerslisensie (en wie geregistreer is as sulks by die Elektriese Kontrakteursraad van Suid-Afrika (E.C.B.)) is, en wie in staat is om ‘n elektrisiteitvoldoeningsertifikaat uit te reik.

EN NADEMAAL die Maatskappy in die besigheid is van die ontwerp, verkryging, voorsiening en onderhoud van elektriese sisteme, waarby ingesluit word maar geensins beperk is nie tot Sonkrag Sisteme, tesame met produkte wat relevant daartoe mag wees (hierna die “Sisteme”).

NOU DERHALWE kom die Diensverskaffer ooreen om die Dienste aan die Maatskappy te lewer.

1. DEFINISIES

In hierdie Ooreenkoms, tensy 'n ander bedoeling blyk of duidelik is vanuit die konteks, sal die volgende definisies van toepassing wees:

- 1.1. **“die Sisteem”** Verwys na alle prodkte wat die Maatskappy van tyd-tot-tyd vir die Diensverskaffer opdrag mag gee om te installeer, onderhou of herstel by die Perseel, soos aangedui deur die Maatskappy.
- 1.2. **“Produkte”** Beteken daardie items wat deur die Diensverskaffer geïnstalleer moet word en sal “Toestel” en “Toerusting” ooreenstemmende betekenis dra.
- 1.3. **“die Ooreenkoms”** Beteken hierdie Diensvlakooreenkoms, en sluit in die verkorte weergawe van hierdie Diensvlakooreenkoms, die terme en voorwaardes waarvan geag sal word om deel te vorm van hierdie Diensvlakooreenkoms.
- 1.4. **“die Diensverskaffer”** Verwys na die Party met besonderhede soos vervat op die titelblad van hierdie Ooreenkoms.
- 1.5. **“Goeie Industrie Praktyke”** Sal van toepassing wees op die wyse waarop die dienste gelewer word, daardie standaarde, praktyke, metodes en prosedures wat voldoen aan toepaslike Reg en die aanwending van 'n gepaste vlak van vaardigheid, sorg, ywer, omsigtigheid en versienheid wat redelikerwys en in die normale verloop van besigheid verwag kan word vanaf 'n ervare persoon wie soortgelyke dienste verskaf as die Diensverkaffer, in soortgelyke omstandighede.
- 1.6. **“Reg”** Beteken die toepaslike wette, ordinansies, regulasies, vonnisse en hofuitsprake van enige bevoegde hof, regeringsowerheid of liggaam in enige relevante jurisdiksie binne die Republiek van Suid-Afrika.

- 1.7. **“die Party of Partye”** Beteken die Maatskappy en die Diensverskaffer, en “Party” sal verwys na enigeen van hulle, soos wat die konteks mag vereis.
- 1.8. **“Besigheidsdag”** Beteken enige dag anders as ‘n Saterdag, Sondag of amptelike openbare vakansiedag binne die Republiek van Suid-Afrika.
- 1.9. **“Besigheidsure”** Verwys na die ure tussen 08:00 en 17:00 op enige Besigheidsdag.
- 1.10. **“Vertroulike Inligting”** Beteken enige informasie en data van ‘n vertroulike of gepatenteerde aard waarvan ‘n Party die eienaar is, insluit maar nie beperk nie tot, tegniese, besigheid, finansiële, bemerking of kommersiële inligting, sagteware programme en bronkode en alle dokumentasie en handleidings ten opsigte van sodanige sagtewareprogramme, informasie wat verband hou met enige kliënt van ‘n Party, kennis, handelsgeheime, die inhoud van hierdie Ooreenkoms, planne, tekeninge, proses inligting, patrone, ontwerpe, tegnieke en metodologieë sowel as alle rekorddraende media (insluitend monsters daarvan) wat enige inligting bevat of openbaar en tegnieke of ander gepatenteerde inligting wat daaronder openbaar mag word, wat openbaar word in terme van die bepalings van hierdie Ooreenkoms.
- 1.11. **“Toestel”** Beteken enige individuele eenheid van die Toerusting waarop die Diensverskaffer die Ondersteuningsdienste sal lewer in terme van hierdie Ooreenkoms.
- 1.12. **“Toerusting”** Beteken die items van toerusting soos gelys in die kwotasie/belastingfaktuur, wat mag bestaan uit beide Hardeware en Sagteware.
- 1.13. **“Diensverskaffer Personeel”** Beteken die werknemers van die Diensverskaffer en/of die kontrakteurs van die Diensverskaffer wie die Toerusting in stand sal hou en die Bystanddienste sal lewer, soos uiteengesit in terme van hierdie Ooreenkoms.
- 1.14. **“Hardeware”** Beteken die fisiese Toerusting wat gebruik word.

- 1.15. **“Insident”** Beteken ‘n fout of probleem wat verband hou met die Sisteem of bestanddeel wat deel vorm daarvan.
- 1.16. **“Intellektuele Goedere Regte”** Beteken, sonder beperking, alle kennis, patente, kopiereg (insluitend alle kopiereg in enige ontwerpe en rekenaarprogramme), geregistreerde ontwerpe, handelsmerke, diensmerke, ontwerpsregte, bronkodes, uitvindings en handelsgeheime, en ander industriële en intellektuele goedere regte en regte van ‘n soortgelyke karakter hetsy geregistreer of nie, en ongeag of dit vatbaar is vir registrasie of nie.
- 1.17. **“Dienste”** Beteken die installasie, onderhoud, herstel en/of ondersteuningsdienste wat aan die Maatskappy voorsien moet word deur die Diensverskaffer soos vervat in hierdie terme en voorwaardes, sowel as die Verkorte Diensvlakoooreenkoms.
- 1.18. **“Diensfooi”** Beteken die bedrag betaalbaar deur die Maatskappy aan die Diensverskaffer vir die lewer van die Dienste by die Persele, soos uiteengesit in die belastingfaktuur/kwotasie, en welke fooi BTW sal uitsluit tensy uitdruklik anders bepaal.
- 1.19. **“Perseel”** Beteken die fisiese adres soos gestipuleer in die belastingfaktuur/kwotasie waar die Dienste gelewer moet word en die Toerusting geïnstalleer moet word.
- 1.20. **“Ondersteuningsbestuurder”** Beteken ‘n individu wat deur die Diensverskaffer aangewys moet word om te dien as skakel tussen die Maatskappy en die Diensverskaffer.
- 1.21. **“Verkorte Diensvlakoooreenkoms”** Verwys na die dokument wat fisies deur beide Partye onderteken is, wat geag sal word om deel te vorm van hierdie Ooreenkoms.
- 1.22. **“Sisteem”** Beteken ‘n eenheid bestaande uit die korrekte kombinasie en samestelling van Hardeware, Sagteware, en ander Toerusting, wat wanneer dit gebruik word in behoorlike samewerking, die funksie uitvoer waarvoor dit ontwerp was.

- 1.23 **“BTW”** Beteken belasting op toegevoegde waarde wat gehef word in terme van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waar, 89 van 1991, soos gewysig, of enige soortgelyke belasting wat gehef word op die verskaffing van die goedere en/of dienste van tyd tot tyd.
- 1.24. **“Kwotasie”** Verwys na ‘n kwotasie wat voldoen aan daardie bepalinge soos uiteengesit in die Verkorte Diensvlakooreenkoms.

2. **INTERPRETASIE**

Die volgende reëls van interpretasie sal toepassing vind:

- 2.1. Enige verwysing na een geslag sal die ander geslag insluit.
- 2.2. Woord wat verwys na natuurlike persone sal regspersone insluit en *vice versa*.
- 2.3. Woorde wat die enkelvoud aandui sal die meervoud aandui en *vice versa*.
- 2.4. Waar syfers aangedui word in beide nommers en woorde, indien daar enige konflik tussen die twee is, sal die woorde voorrang geniet tydens interpretasie.
- 2.5. Terme anders as daardie wat gedefinieër word binne hierdie Ooreenkoms sal hul normale Afrikaanse betekenis dra, en daardie terme, afkortings en frases wat bekend is binne die elektriese kontraktering industrie al geïnterpreteer word in ooreenstemming met hul algemeen geldende betekenis.
- 2.6. Die gebruik van die woord “insluitend” of “ingesluit” wat gevolg word deur ‘n spesifieke voorbeeld/voorbeelde sal nie geag word om die betekenis van die algemene woord wat voor

daardie woord volg te beperk nie en die *eiusdem generis* reël sal nie toepassing vind gedurende die interpretasie van sodanige algemene bewoording nie.

- 2.7. Die reël van konstruksie dat 'n ooreenkoms geïnterpreteer sal word teen die party wie verantwoordelik is vir die opstel daarvan, sal nie toepassing vind nie.
- 2.8. Indien enige bepaling in die definisie klousule regte of verpligtinge aan 'n Party toeskryf, dan sal sodanige bepaling ongeag die feit dat daardie bepaling vervat is daardie klousule, effek aan gegee word as of dat 'n substantiewe bepaling van hierdie Ooreenkoms is.
- 2.9. Die verstryking of beëindiging van hierdie Ooreenkoms sal geen impak hê op daardie bepalings van hierdie Ooreenkoms wat uitdruklik bepaal dat hulle van krag sal bly na die verstryking of terminasie nie of wat uit noodsaaklikheid moet aanhou om van krag te wees, ongeag dat 'n klousule nie uitdruklik bepaal dat dit sal aanhou van krag wees nie.
- 2.10. Alle skedules tot hierdie Ooreenkoms word hierby geïnkorporeer en vorm 'n integrale deel van hierdie Ooreenkoms.
- 2.11. In die geval van teenstrydigheid tussen die bepalings van hierdie Ooreenkoms en enige skedule tot hierdie Ooreenkoms, sal die bepalings van die Ooreenkoms voorrag geniet.

3. **VERHOUDING**

- 3.1. Die Maatskappy wys hiermee die Diensverskaffer aan om die Dienste te voorsien in ooreenstemming met die terme soos uiteengesit in hierdie Ooreenkoms.
- 3.2. Die verhouding tussen die Partye word gereguleer deur die terme van hierdie Ooreenkoms. Tensy dit anders bepaal word, sal die Partye nie die mag hê om mekaar te bind of namens mekaar op te tree nie; en sal geen Party die bevoegdheid hê (deur handeling of nalatigheid) om

aan derde partye voor te hou dat die verhouding tussen die Partye meer is as wat in hierdie Ooreenkoms bepaal word nie.

4. **INWERKINGTREDING EN DUUR**

- 4.1. Nieteenstaande die datum van ondertekening van hierdie Ooreenkoms, sal hierdie Ooreenkoms geag wees om in werking te tree wanneer die Diensverskaffer instruksie ontvang vanaf die Maatskappy om die Dienste te verrig; en sal die voortbestaan van die Ooreenkoms voortduur vir 'n onbepaalde tydperk, onderhewig aan klousule 8 van hierdie Ooreenkoms.
- 4.2. Die Partye kom ooreen dat, ongeag enigiets tot die teendeel wat vervat is in hierdie Ooreenkoms, mag enige party hierdie Ooreenkoms kanselleer deur die voorsiening van 30 (dertig) dae skriftelike kennisgewing aan die ander Party, en sal geen Party enige eis teen die ander hê as gevolg van sodanige kansellasië nie.

5. **DIENSTE**

- 5.1. Omvang van Dienste om verskaf te word deur die Diensverskaffer aan die Maatskappy:

5.1.1. Die Diensverskaffer sal die Dienste lewer soos vervat in die Kwotasie aan die Maatskappy voorsien, welke Kwotasie sal voldoen aan die vereistes soos vervat in die Verkorte Diensvlakooreenkoms, wat geteken was deur, of namens, die Diensverskaffer.

5.1.2. Enige Dienste wat nie uitdruklik in die Kwotasie vermeld word nie, sal deur die Diensverskaffer aan die Maatskappy gelewer word teen 'n addisionele koste soos ooreengekom word tussen die partye alvorens daardie bykomende diens gelewer word.

6. DIENSVERSKAFFER VERANTWOORDELIKHEDE

6.1. Sonder afstanddoening van enige ander verpligtinge wat mag ontstaan uit hoofde van hierdie Ooreenkoms, stem die Diensverskaffer hiermee toe om daardie verantwoordelikhede soos vervat in hierdie Ooreenkoms, aan te neem en te eerbiedig.

6.2. Die Diensverskaffer waarborg dat:

6.2.1. Dit die dienste sal verrig met vaardigheid, sorg en ywerigheid in terme van die bepalings van hierdie Ooreenkoms en die Aanhangsels daartoe, en om gehoor te gee aan alle wette en regulasies soos van tyd-tot-tyd van toepassing.

6.2.2. Die Diensverskaffer aanvaar volle verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir enige skade wat aan die Toerusting veroorsaak mag word terwyl die Toerusting in die besit van die Diensverskaffer is, welke besit die vervoer van die Toerusting deur die Diensverskaffer sal insluit –

6.2.2.1. Die Diensverskaffer sal genoegsame versekeringsdekking bekom om die Toerusting wat deur dit vervoer word ten volle te verseker.

6.2.2.2. Per versoek deur die Maatskappy, sal die Diensverskaffer die Maatskappy voorsien van 'n afskrif van die versekeringspolis, tesame met enige relevante skedule daartoe, waaronder die Toerusting wat deur die Diensverskaffer, van tyd-tot-tyd, vervoer word ten volle verseker is.

6.2.3. Dat hy/sy gekwalifiseer is en beskik oor die nodige kundigheid en dat hy/sy sal toesien dat die vereiste vlak van kundigheid in stand gehou word, ten einde die Dienste soos vervat in hierdie Ooreenkoms doeltreffend te kan lewer.

- 6.2.4. Die Diensverskaffer sal, in ooreenstemming en ter voldoening aan die bepalings van klousule 6.2.5. hieronder, 'n Voldoeningsertifikaat uitreik na die lewering van dienste en inspeksie van die Hardeware, Toerusting, en/of Toestel, en homself/haarself tevrede gestel het dat die voorafgenoemde Hardeware, Toerusting, en/of Toestel voldoen aan die vereistes vir die uitreiking van 'n Voldoeningsertifikaat – hierdie funksie sal deel vorm van die “Dienste”.
- 6.2.5. Die Diensverskaffer sal 'n gekwalifiseerde elektrisiën wees met 'n geldige Draadwerkerslisensie.
- 6.2.6. Die Diensverskaffer sal te alle tye gedurende die bestaan van hierdie Ooreenkoms 'n lid wees van die Elektriese Kontrakteursraad van Suid-Afrika (E.C.B.).
- 6.2.7. Die Diensverskaffer is bewus van die bepalings van Wet op Beroepsveiligheid en -Gesondheid, 85 van 1993 (soos gewysig) and sal te alle tye voldoen aan die bepalings van Regeringskennisgewing 258 van 2012, gepubliseer in Staatskoerant gedateer 26 Maart 2012. Die Diensverskaffer bevestig verder dat die Diensverskaffer Personeel die nodige opleiding ontvang het ten einde daardie personeel in staat te stel om op hoogtes te werk.
- 6.2.7.1. Die Diensverskaffer bevestig dat dit bekend is met die inhoud van Regeringskennisgewing 258 van 2012, wat verband hou met die Elektriese Installasie Regulasies van 2009 in terme van die Wet op Beroepsveiligheid en -Gesondheid, 1993.
- 6.2.8. Die Diensverskaffer sal, sonder om sy onafhanklikheid vanaf die Maatskappy in gedrang te stel, die Maatskappy se sekuriteit en noodtoestand regulasies stiptelik navolg, en ook verseker dat die Diensverskaffer Personeel ten volle bewus gemaak word van sodanige sekuriteit en noodtoestand regulasies.
- 6.2.9. Die Diensverskaffer sal die Maatskappy se standaard bedryfsprosedures, soos van tyd-tot-tyd deur die Maatskappy aan dit meegedeel, volg, en onderneem om te verseker dat

alle Diensverskaffer Personeel bewus gemaak word van daardie standaard bedryfsprosedures.

7. **BETALING**

- 7.1. As vergoeding vir die Dienste, sal die Maatskappy betaling maak aan die Diensverskaffer, nie later nie as 7 (sewe) dae vanaf ontvangs van 'n oorspronklike belastingfaktuur, tesame met die nodige dokumentasie soos hieronder beskryf, na afloop van die lewering van die Dienste, by wyse van Elektroniese Fondse Oordrag.
 - 7.1.1. Elektrisiteitvoldoeningsertifikaat; en
 - 7.1.2. Kliënt "sign-off" wat die behoorlike en bevredigende lewering van die Dienste deur die Diensverskaffer bevestig.
- 7.2. Die Diensverskaffer onderneem om afsonderlike belastingfakture vir elke Perseel te voorsien aan die Maatskappy vir enige Dienste wat gelewer is in terme van hierdie Ooreenkoms.
- 7.3. Betaling deur die Maatskappy aan die Diensverskaffer van enige belastingfaktuur sal beskou word as voldoende betaling en sal die Maatskappy vrygestel word van enige verdere betalingsverpigtig in terme van enige belastingfaktuur ontvang vanaf die Diensverskaffer.
- 7.4. Indien enige item of gedeelte van 'n item wat vervat is in 'n belastingfaktuur wat deur die Diensverskaffer aan die Maatskappy voorsien word, deur die Maatskappy, in goeie trou, betwis word, sal laasgenoemde voor die aanbreek van die betalingsdatum kennisgewing aan die Diensverskaffer gee van sodanige dispuut. Die Maatskappy sal geregtig wees om betaling te weerhou ten opsigte van die item(s) waaroor die dispuut handel tot en met sodanige tyd as wat die dispuut afgehandel is. Ongeag die voorafgaande, sal die Maatskappy nie geregtig wees om betaling van die restant van die faktuur (items wat nie betwis word nie) te weerhou nie.

7.5. Betaling vir enige bykomende dienste wat deur die Diensverskaffer verrig word, soos skriftelik ooreengekom met die Maatskappy, sal deur die Maatskappy betaal word binne 30 (dertig) dae vanaf die datum van die Diensverskaffer se belastingfaktuur.

7.6. Die Diensverskaffer sal opgedateerde en akkurate rekords, tesame met stawende dokumentasie, hou, vir alle bedrae wat gefaktureer word in terme van hierdie Ooreenkoms, in ooreenkoms met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyke. Die Diensverskaffer onderneem om aan die Maatskappy enige en alle informasie te voorsien met betrekking tot die Maatskappy se redelike versoeke om dit in staat te stel om die akkuraatheid van die gefaktureerde bedrae te bevestig.

8. **TERMINASIE**

Die Maatskappy mag hierdie Ooreenkoms kanselleer deur aan die Diensverskaffer 1 (een) maand se skriftelike kennisgewing te voorsien.

9. **SESSIE EN SUB-KONTRAKTERING**

Geen van die Partye mag enige van sy regte of verpligtinge in terme van hierdie Ooreenkoms, of enige gedeelte daarvan, vervreem, sedeer of toeskryf sonder die vooraf skriftelike toestemming van die ander Party nie (welke toestemming nie onredelik weerhou sal word nie).

10. **BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID**

10.1. Die Maatskappy sal nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies, skade, besering, of dood van enige persoon of sodanige persoon se roerenede of onroerende eiendom vanweë die optrede deur die Diensverskaffer of sy verteenwoordigers nie, tensy sodanige verlies, skade, besering of dood ontstaan vanweë die Maatskappy se oortreding van die bepalings van hierdie Ooreenkoms; of waar dit spruit direk vanuit 'n nalatige optrede of opsetlike handeling deur die Maatskappy of enige van sy agente, werknemers, amptenare of verteenwoordigers.

10.2. Die Diensverskafferr sal verantwoordelik wees vir sy personeel en vrywaar hiermee die Maatskappy en enige van sy agente, werknemers, amptenare en verteenwoordigers teen enige eis van watter aard ookal ten opsigte van alle verlies, aanspreeklikheid en uitgawes aan die Diensverskaffer se publieke aanspreeklikheidsversekering.

10.3. Die Diensverskaffer vrywaar hiermee die Maatskappy teen enige en alle verliese deur die Maatskappy gely wat ontstaan, direk of indirek, vanuit die volgende:

10.3.1. Enige handeling of nalatigheid van die Diensverskaffer;

10.3.2. Enige oortreding deur die Diensverskaffer of sy Personeel van enige Wetgewing; of

10.3.3. Enige oortreding van die bepalings van hierdie Ooreenkoms deur die Diensverskaffer of die Diensverskaffer Personeel.

11. **WAARBORGE**

11.1. Die Diensverskaffer waarborg dat alle Dienste wat gelewer word in terme van hierdie Ooreenkoms uitgevoer sal word op 'n professionele wyse deur personeel met die nodige kundigheid en ervaring, onderhewig aan die bepalings van klousule 6.2 hierbo.

11.2. Die Diensverskaffer sal 'n 1 (een) jaar vakmanskapwaarborg voorsien ten opsigte van die Dienste wat die Diensverskaffer lewer in terme van hierdie Ooreenkoms.

12. **VERTROULIKHEID**

12.1. Alle vertroulike inligting wat deur die Partye uitgeruil word na afloop van onderhandeling, sluit en implementering van hierdie Ooreenkoms sal nie te enige tyd, hetsy direk of indirek, versprei of geopenbaar word in enige vorm deur die ontvangende Party aan 'n derde party of aan sy eie werknemers nie, behalwe aan daardie werknemers wie die inligting benodig vir die behoorlike uitvoering van hul pligte. Alle vertroulike inligting sal die eiendom bly van die Party wat dit openbaar.

- 12.2. Die ontvangende Party sal die vertroulike inligting beskerm op die wyse wat daar kan verwag word 'n redelike persoon sy eie vertroulike inligting sou beskerm. Onder geen omstandighede sal die ontvangende Party minder as redelike pogings aanwend om die vertroulikheid van die Vertroulike inligting te beskerm nie.
- 12.3. Die ontvangende Party, per versoek deur die openbarende Party, sal toesien dat sy werknemers, kontrakteurs, agente, direkteure, verteenwoordigers, adviseurs en konsultante, aan wie enige Vertroulike Inligting van die openbarende Party geopenbaar word in terme van hierdie Ooreenkoms, 'n vertroulikheidsonderneming sluit op terme soortgelyk as daardie vervat in hierdie klousule 12.
- 12.4. Ten einde enige twyfelagtigheid uit die weg te ruim, stem die Partye daartoe toe dat vir doeleindes van artikels 37(1) en 64(1) van die *Promotion of Access to Information Act*, 2 van 2000 (soos gewysig), sal alle Vertroulik Inligting voorsien word as streng vertroulik deur die openbarende Party en geen bepaling van hierdie Ooreenkoms sal geïnterpreteer word op so 'n wyse as om te veronderstel dat die ander Party toestemming verleen het dat die geheel of 'n gedeelte van die Vertroulike Inligting openbaar mag word nie.
- 12.5. Die vertroulikheidsverpligtinge soos na verwys in klousules 12.1. en 12.2 hierbo sal nie van toepassing wees op inligting wat:
- 12.5.1. Die ontvangende Party kan bewys reeds in die publieke domein bestaan nie;
 - 12.5.2. Die ontvangende Party kan bewys aan die publiek bekend geword het sonder enige te doen deur die ontvangende Party nie;
 - 12.5.3. Regmatig in die ontvangende Party se besit was voordat 'n verpligting van vertroulikheid ontstaan het deur die openbarende Party wat die vertroulike inligting openbaar gemaak het nie;
 - 12.5.4. Bewys kan word om deur die ontvangende Party ontvang te gewees het vanaf 'n derde party, sonder dat enige vertroulikheidsreg teenoor so 'n derde party bestaan nie;
 - 12.5.5. Onafhanklik ontwikkel was deur die ontvangende Party, soos bewys kan word deur daardie Party se geskrewe rekords;

12.5.6. Skriftelik goedgekeur is vir openbaarmaking deur die openbarende Party;

12.5.7. Vereis word om openbaar gemaak te word ter voldoening aan 'n hofbevel, die ontvangende Party sal egter steeds verplig wees om sodanige verpligte openbaarmaking aan die openbarende Party bekend te maak, ten einde die openbarende Party in staat te stel om enige stappe wat dit mag nodig ag om daardie verpligte openbaarmaking te voorkom, te neem.

12.6. Per versoek deur die openbarende Party, sal die ontvangende Party alle oorspronklikes en afskrifte (insluitende gedeeltelike afskrifte) van die ontvangende Party se vertroulike inligting terug aan die openbarende Party voorsien, soos ontvang deur die ontvangende Party en wat steeds in daardie Party se besit is; hierdie inligting sluit in elektroniese gestoorde tekeninge, sketse of diagramme van welke aard ookal, sonder dat die ontvangende Party enige afskrifte daarvan oor hou.

12.7. Die Partye kom ooreen om die Vertroulike Inligting uitsluitlik te gebruik vir doeleindes van hierdie Ooreenkoms, tensy daar skriftelik anders ooreengekom is.

12.8. Die regte en verpligtinge van hierdie klousule 12 is skeibaar vanaf die res van die Ooreenkoms en sal van volle mag en effek bly selfs al word hierdie Ooreenkoms gekanselleer.

13. **INTELLEKTUELE GOEDEREREGTE**

13.1. Alle intellektuele goedereregte waarby ingesluit is, maar nie beperk is nie tot, sagteware, kopieregte, handelsmerke, handelsname, geregistreerde ontwerpe, diensmerke, patenteregte, handelsgeheime, kennis of ander industriële of intellektuele goedereregte wat verband hou met enige van die produkte waarvan 'n Party, sy agente, verkopers, verskaffers en/of sub-kontraakteurs die eienaars is; en die sagteware wat gebruik word om sodanige produkte te implementeer sal te alle tye die alleenlike eiendom van sodanige Party, sy agente, verkopers, verakffers en/of sub-kontraakteurs, na gelang van die geval, bly.

13.2. Vir doeleindes van hierdie klousule, sal enige verwysing na "produkte" spesifiek die Toerusting insluit.

- 13.3. Nieteenstaande enigiets hierin vervat wat tot die teendeel mag blyk, sal geen Party enige reg, titel of belang verkry ten opsigte van enige van die ander Party, of sy agente, verkopers, verskaffers en/of sub-kontrakteurs se sagteware, handelsgeheime, kopiereg, patente of ander intellektuele goedereregte, waarvan gebruiksreg aan sodanige ander Party verleen is vir doeleindes van hierdie Ooreenkoms nie. Geen Party sal op enige wyse of manier, sonder die uitdruklike toestemming van die ander party, die intellektuele goedereregte van die ander Party gebruik of aanpas om enige afgeleide produk te skep nie. 'n Party sal geregtig wees, in sy uitsluitlike diskresie, om sy voorafgenoemde toestemming te weerhou sonder om redes te verskaf.
- 13.4. Geen Party sal op enige wyse die intellektuele goedereregte (en vrywarings) van die ander Party, sy agente, verkopers, verskaffers en/of sub-kontrakteurs verander, verduister, gebruik of affekteer sonder die vooraf verkreeë geskrewe toestemming van die ander Party, sy agente, verkopers, verskaffers en/of sub-kontrakteurs om sodanige intellektuele goedereregte te sub-lisensieer of gebruik, nie.

14. **DATA BESKERMING**

- 14.1. Die Diensverskaffer erken dat gedurende die verloop van sy interaksies met die Maatskappy en gedurende die voorsiening van die Dienste, mag hy voorsien word van, of toegang verkry tot, persoonlike informasie sowel as ander informasie en data (die "Maatskappy Data").
- 14.2. In hierdie verband onderneem die Diensverskaffer om die privaatheid en sekuriteit van die Maatskappy Data, bykomend tot sy vertroulikheids ondernemings, te respekteer en onderhou, en om te voldoen aan alle data beskerming en data privaatheid wetgewing soos van toepassing binne die Republiek van Suid-Afrika, insluitende die *Protection of Personal Information Act*, 4 van 2013 (soos gewyig).
- 14.3. Die Diensverskaffer stem toe tot die versameling, verwerking, en verdere verwerking van die persoonlike informasie deur die Maatskappy vir doeleindes van die implementering van hierdie Ooreenkoms, en *vice versa*.

- 14.4. Geen Party sal enige data van die ander Party openbaar nie (tensy anders bepaal in hierdie Ooreenkoms) en 'n Party sal die data van die ander Party en/of die Maatskappy Data slegs vir doeleindes van hierdie Ooreenkoms aanwend, en *vice versa*.
- 14.5. Geen Party sal oor enige retensiereg, of ander reg verkry, ten opsigte van die ander Party se data nie, of sodanige data (of enige gedeelte daarvan) verkoop, toewys, verhuur of andersins mee wegdoen nie.
- 14.6. Nieteenstaande enige bepaling in hierdie Ooreenkoms, bevestig die Maatskappy dat, ten einde die Diensverskaffer in staat te stel om die Dienste te lewer, sal data (wat insluit Persoonlike Informasie soos gedefinieër in die *Protection of Personal Information Act*, 4 van 2013) aan die Diensverskaffer voorsien word of deur die Diensverskaffer Verwerk word (waar “Verwerk/Verwerking” die volgende betekenis sal hê vir doeleindes van hierdie Ooreenkoms: “the operation, or set of operations, performed on data, by any means, such as by collection, recording, organization, storage, adaption or alteration, retrieval, consultation, use, disclosure by transmission, dissemination or otherwise making available, alignment or combination, blocking, erasure or destruction”) namens die Maatskappy deur die Diensverskaffer.
- 14.7. Die Diensverskaffer sal voldoen aan alle toepaslike geregtelike bepalings wat verband hou met data beskerming, privaatheid en sekuriteit wanneer die Maatskappy Data, Verwerk word in terme van hierdie Ooreenkoms. Hierdie sluit in, sonder beperking, toepaslike internasionale en nasionale data beskerming, privaatheid, uitvoering en data sekuriteit direkte (die “Data Beskermings Wette”) soos van toepassing op die Verwerking van die Maatskappy Data uit hoofde van hierdie Ooreenkoms.
- 14.8. Die Diensverskaffer sal slegs die Maatskappy Data Verwerk tot die mate wat dit nodig is om die Dienste te verskaf in ooreenstemming met hierdie Ooreenkoms en sal die nodige, en gepaste, tegniese en organisatoriese maatreëls implementeer, in ooreenstemming met sy sekuriteitsbeleide, soos van tyd-tot-tyd gewysig, om die Maatskappy Data te beskerm teen nalatige of onregmatige vernietiging of toevallige verlies, wysiging, ongemagtigde openbaring of toegang.

- 14.9. Die Maatskappy sal voldoende toestemming en magtiging verkry, in terme van enige toepaslike wetgewing, vanaf die relevante data subjek (soos gedefinieër in terme van relevante Data Beskermings Wetgewing) om die Verwerking van die Maatskappy Data deur die Diensverskaffer te regverdig, soos voorsien in hierdie Ooreenkoms.
- 14.10. Die Diensverskaffer sal te alle tye streng voldoening aan alle toepaslike Data Beskermings Wetgewing verseker.
- 14.11. Die Diensverskaffer waarborg hiermee dat hy nie te enige tyd die Maatskappy Data sal Verwerk vir enige doeleindes anders as met die uitdruklik verkreë skriftelike toestemming van die Maatskappy nie, en slegs tot die mate wat nodig mag wees om die Dienste te verskaf.
- 14.12. Ter enige tyd gedurende die voortbestaan van hierdie Ooreenkoms en per die Maatskappy se geskrewe versoek, of by terminasie van hierdie Ooreenkoms vir enige rede, sal die Diensverskaffer stiptelik alle afskrifte, hetsy geskrewe, elektronies of in 'n ander vorm van media, van die Maatskappy Data wat in die Diensverskaffer se besit is, aan die Maatskappy terug voorsien, of toesien tot die veilige vernietiging van sodanige afskrifte; waarna daar skriftelik gesertifiseer sal word dat daardie data aan die Maatskappy terug voorsien is of op 'n veilige wyse vernietig is.

15. **KONTRAKBREUK**

Indien enige Partye enige van die bepalinge van hierdie Ooreenkoms verbreek en versuim om sodanige breuk reg te stel binne 14 (veertien) dae vanaf ontvangs van skriftelike kennisgewing vanaf die gegriefde party om daardie breuk reg te stel, dan sal die gegriefde party geregtig wees, sonder benadeling van enige ander regte waaroor dit mag beskik in terme van hierdie Ooreenkoms of die gemenerereg, om hierdie Ooreenkoms te kanselleer sonder kennisgewing en om spesifieke nakoming van ieder en elk van die party in verstek se verpligtinge te vereis, sonder benadeling aan die gegriefde party se reg om skadevergoeding te eis. Enige uitstaande verpligtinge van enige party aan die ander soos op datum van kansellering sal sodanige kansellering oorleef en steeds afdwingbaar wees deur die Party aan wie daardie verpligting verskuldig is.

16. KENNISGEWINGS EN DOMICILIUM

16.1. Die Partye kies hiermee as hul *domicilium citandi et executandi* hul onderskeie adresse soos uiteengesit in hierdie klousule, vir alle doeleindes wat mag voortspruit of verband hou met hierdie Ooreenkoms, by welke adresse alle regsprosesse en kennisgewings wat spruit vanuit, of wat verband hou met, hierdie Ooreenkoms beteken sal word.

16.2. Die Maatskappy: Dan Pienaar Straat 19
Ladybrand
9745
E-pos: regsdienste@ovk.co.za

16.3. Die Diensverskaffer: Soos per die adres voorsien in die
Verkorte Diensvlakooreenkoms

16.4. Elke kennisgewing sal geag word behoorlik gegee te wees –

16.4.1. Indien per hand afgelwer, op die datum van aflewering;

16.4.2. Indien versend per voorafbetaalde geregistreerde pos, 7 (sewe) dae vanaf die datum waarop dit gepos was;

16.4.3. Indien per e-pos versend, op die eerste Besigheidsdag wat volg op die datum van versending.

16.5. Enige Party mag, by wyse van geskrewe kennisgewing aan die ander, sy verkose *domicilium citandi et executandi* wysig na enige fisiese adres binne die Republiek van Suid-Afrika, met diensverstande dat sodanige wysiging eers effek sal neem na 7 (sewe) dae vanaf ontvangs van sodanige kennisgewing.

17. GESKILBESLEGTING EN ARBITRASIE

- 17.1. Enige dispuut tussen die Partye wat mag spruit vanuit of in verband met hierdie Ooreenkoms, die sluit van hierdie Ooreenkoms of die onderwerp van hierdie Ooreenkoms, sal besleg word in terme van hierdie klousule 17.
- 17.2. Enige dispuut sal in die eerste instansie gepoog opgelos te word by wyse van onderhandeling tussen die Partye.
- 17.3. Indien die Partye nie in staat is om 'n vriendskaplike oplossing tot die dispuut tussen hulle te bereik nie, dan sal enige van die Partye (die "verwysende party") die reg hê om die dispuut vir arbitrasie te verwys deur kennisgewing aan die ander Party te voorsien.
- 17.4. Die arbiter wie aangewys word om die dispuut tussen die Partye op te los sal aangewys word deur die voorsitter van die Vrystaatse Vereniging van Advokate; onderhewig daaraan dat die arbiter wie as sulks aangestel word 'n praktiserende Senior Advokaat sal wees met nie minder nie as 10 (tien) jaar in sodanige amp nie.
- 17.5. Arbitrasie-verrigtinge sal gehou word te Bloemfontein, Vrystaat Provinsie, Suid-Afrika, en sal besleg word in terme van die Reëls vir die Handeling van Arbitrasies.
- 17.6. Niks in hierdie klousule 17, sal enige van die Partye se reg om 'n hof met gepaste jurisdiksie te nader vir dringende of *interim* regshulp nie.

18. VERANDERINGE IN DIE TOERUSTING EN DIENSTE HEFFINGS

- 18.1. Veranderinge aan die Toerusting deur die vervanging van bestaande items and/of die byvoeging van nuwe items:

- 18.1.1. Per die Maatskappy se versoek;
- 18.1.2. Per ooreenkoms tussen die Partye; of
- 18.1.3. Tydens die verloop van normale onderhoudswerk.

Sowel as enige ooreenstemmende veranderinge tot die kwotasie, ten opsigte van een of meer van die Persele, mag gemaak word deur die Diensverskaffer deur die Maatskappy te voorsien van 'n Opedateerde Kwotasie, mits skriftelike toestemming vooraf deur die Maatskappy verskaf is.

19. **ALGEMEEN**

- 19.1. Hierdie Ooreenkoms behels die alleenlike rekord van die ooreenkoms tussen die partye ten opsigte van die onderwerp hiervan. Geen Party sal gebonde wees aan enige uitdruklike, geïmpliseerde of stilswyende term, voorstelling, waarborg, belofte of soortgelyke onderneming wat nie in hierdie Ooreenkoms vervat is nie. Hierdie Ooreenkoms geniet voorrang en vervang alle vorige ondernemings, hetsy mondelings of skriftelik, tussen die Partye ten opsigte van die onderwerp hiervan. Alle vorige ooreenkomste tussen die Partye word hiermee gekanselleer deur hierdie Ooreenkoms.
- 19.2. Geen byvoeging, wysiging, novasie of ooreengekome kansellasië van enige van die bepaling van hierdie Ooreenkoms, insluitend hierdie klousule, sal bindend op die Partye wees, tensy dit op skrif gestel word en deur albei Partye onderteken word nie.
- 19.3. Geen toegeeflikheid, verlenging of abandonering van tyd wat enige van die Partye aan die ander mag gun sal 'n afstanddoening van, hetsy by wyse van *estoppel* of andersins, enige van die bestaande of toekomstige regte van enige van die Partye, beperk nie; behalwe in die geval waar die verlener 'n geskrewe dokument voorsien wat uitdruklik sodanige regte beperk of daarvan afstand doen.
- 19.4. Alle bepalinge van hierdie Ooreenkoms is, ongeag die volgorde waarin dit rangskik is, skeikbaar van mekaar. Enige bepaling van hierdie Ooreenkoms wat onafdwingbaar word, hetsy as gevolg

van nietigheid, ongeldigheid of onregmatigheid of vir enige ander rede, sal slegs tot die mate wat daardie bepaling onafdwinbaar is geag word om *pro non scripto* te wees en die oorblywende bepalings van hierdie Ooreenkoms sal van volle mag en krag bly. Die Partye bevestig hiermee dat dit hulle bedoeling is dat hierdie Ooreenkoms gesluit sou word sonder sodanige onafdwingbare bepalings indien die Partye bewus was van daardie bepaling ten tyde van die sluit van hierdie Ooreenkoms.

- 19.5. Sonder benadeling aan enige ander bepaling van hierdie Ooreenkoms, sal enige titel-opvolger, insluitend enige eksekteur, erfgenaam, likwidadeur, sakeredingspraktisyn, kurator of praktisyn, van enige Party gebonde wees aan die bepalings van hierdie Ooreenkoms.
- 19.6. Die reg van die Republiek van Suid-Afrika sal hierdie Ooreenkoms reguleer.
- 19.7. Die Partye stem hiermee toe tot die uitsluitlike jurisdiksie van die howe te Bloemfontein, Vrystaat Provinsie met betrekking tot enige geding wat mag voortspruit uit hierdie Ooreenkoms.